## 23 Julie - MAG

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 28:18**

Die mens, vasgevang in die sonde, is uit homself totaal onmagtig en bly 'n slaaf van die sonde. Juis daarom is die verskyning van Jesus na sy opstanding op die berg so 'n groot troos vir ons as gelowiges! Nou is dit nie meer die "Ellendeling" wat onmagtig aan die kruis hang nie ... Nou is dit die Maghebber in hemel en op aarde.

Natuurlik behoort al die mag aan die Drie-enige God, maar Jesus as mens het van sy mag afstand gedoen om vir ons sondes aan die vreeslike kruis te kan betaal. Maar nou, na sy opstanding, kondig Hy met groot gesag aan: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde." Op grond van sy magtige oorwinning uit die dood beskik Hy oor al die mag. Sy mag is nou baie meer as net mag en gesag. Nou is dit die bevoegdheid om op die troon van die Koning van hemel en aarde stelling in te neem.

- Satan val soos 'n bliksemstraal op die aarde. Hy kan nie meer die koninkryke van die wêreld vir Jesus aanbied in ruil vir 'n kniebuiging nie (Matt 4:8). Jesus, nie hy nie, het al die mag in hemel en op aarde.
- Satan se laaste vesting, die dood, is nou doodgemaak.
- Satan is oorwin ... gestroop van mag.

Omdat Jesus tot in die dood aan sy Vader gehoorsaam was, regeer Hy nou oor alle sienlike en onsienlike dinge. Nie die dood of die noodlot of 'n demoon regeer oor die wêreld nie. Ons Here het al die mag, ook oor ons ou lewetjies.

- Hy dra en beskerm ons.
- Hy tree vir ons in by die Vader.
- Hy beskerm ons teen aanvegtinge en aanslae van die bose.

Hy is ons magtige Koning! Juis op grond van hierdie mag stuur Hy ons uit na al die nasies om hulle te leer om alles te onderhou, wat Hy beveel het. Hy verseker ons dat Hy al die dae met ons sal bly, tot aan die einde van die wêreld. Die opdrag van die groot Maghebber aan ons is:

- om navolger en medewerker te wees
- om alles ter wille van Hom prys te gee (Matt 8: 21, 22)
- om Hom meer lief te hê as ons eie lewe (Matt 8:37-39)
- om altyd aan Hom gehoorsam te wees (Matt 7:21-23)

Dit moet ons ook aan ander uidra en sy evangelie sigbaar maak in ons wêreld. Waar kry jy die krag om dit as swakke mens te doen? Omdat jy in Christus oorwinnaar is ... en Hy jou beloof het om met jou te wees.

Miskien lyk dit of wêreldfigure of selfs die duiwel baie mag het – maar dit is nie al die mag nie. Jou God en Koning het al die mag!

*Sing: Psalm 150:1 (1936-beryming)* *Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*